

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 1 HOFPROSEDURES

18 FEBRUARY 2003

09:00-12:15

Totaal: [100]

Kandidate kry 15 minute om die vraestel deur te lees voor hulle begin skryf. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 3 uur volg dan.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Die vrae mag in Afrikaans of Engels beantwoord word.
3. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
4. Waar nodig, moet kandidate hulle eie feite versin.
5. Skryf asseblief slegs op die regterkantse bladsye.
6. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel druip.

ATTORNEYS' EXAMINATION

PART 1 COURT PROCEDURES

18 FEBRUARY 2003

09:00-12:15

Total: [100]

Candidates are allowed 15 minutes to peruse the paper before starting to answer the questions. No candidate may start writing in the answerbook during this period. The examination of 3 hours then follows.

1. Candidates must answer all the questions.
2. The questions may be answered in English or Afrikaans.
3. Candidates must remember that marks are awarded for good draftsmanship.
4. Candidates must invent their own facts wherever necessary.
5. Please write only on the right-hand pages.
6. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this section.

VRAAG 1 [12]

1.1 Reël 18 van die Hooggeregshofreëls het betrekking op pleitstukke in die algemeen. Met betrekking tot sake waarin 'n Eiser dagvaar vir skade bevat die Reël sekere spesifieke vereistes waaraan die besonderhede van vordering moet voldoen. Lys hierdie vereistes.

(5½)

1.2 Wat is die effek van nie nakoming van Reël 18?

(1)

1.3 U tree vir 'n Verweerder op wie beteken is met 'n dagvaarding, wat nie voldoen aan die bepalings van Reël 18 nie. Lys die stappe wat u sal doen om u kliënt se regte te beskerm.

(2)

Stel die dokument op wat die laaste stap in die proses verteenwoordig, in die veronderstelling dat die Eiser nie stappe gedoen het om die defek reg te stel nie. Geen ondersteunende eedsverklaring hoef deur u opgestel te word nie. Gebruik u eie feite soos wat nodig mag wees om u antwoord op te stel.

(3½)

VRAAG 2 [10]

U kliënt, Mnr John Jones, deel u mee dat hy goedere ten bedrae van R200 000 verkoop en gelewer het aan 'n Helmut Schröder, 'n sakeman woonagtig en gedomisileerd te Hochstrasse 5, Berlyn, Duitsland. Die koopsom is opeisbaar en betaalbaar maar is nie betaal nie. U lig Jones in dat ons houe nie jurisdiksie het om die aangeleentheid aan te hoor nie. Twee weke later lig u kliënt u in dat ABC (Edms) Bpk, 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat handeldryf Pretoria, 'n bedrag van R120 000 aan die Duitser verskuldig is.

U deel gevolglik u kliënt mee dat u nou in staat is om voort te gaan.

2.1 Wat word die eerste verrigtinge wat u van voorneme is om in te stel, genoem?

(½)

2.2 Maak u van die lang of kort vorm Kennisgewing van Mosie gebruik om die proses in werking te stel?

(½)

2.3 Op wie word die Kennisgewing van Mosie beteken?

(½)

2.4 Wie teken die Kennisgewing van Mosie?

(½)

2.5 Stel die funderende eedsverklaring op. Sorg dat u al die nodige bewerings maak ten einde die bevel te verkry. Sluit die bedes in. Laat die kopstuk weg.

(8)

QUESTION 1 [12]

1.1 Rule 18 of the Rules of The High Court relates to pleadings generally. With regard to matters in which a Plaintiff sues for damages, the Rule contains certain specific requirements, which must be complied with in the particulars of claim. List these requirements.

(5½)

1.2 What is the effect of non-compliance with Rule 18?

(1)

1.3 You act for a Defendant who is served with a summons, which does not comply with the provisions of Rule 18. List the steps that you will take to protect your client's rights.

(2)

1.4 Draft the document which is the last step in the process, assuming that the Plaintiff has not taken steps to rectify the defect. No supporting affidavit is required. Use such imaginary facts as may be necessary to draft your answer.

(3½)

QUESTION 2 [10]

Your client, Mr John Jones, informs you that he has sold and delivered goods to the value of R200 000 to one Helmut Schröder a businessman resident and domiciled at 5 Hochstrasse, Berlin, Germany. The purchase price is due and payable but has not been paid. You inform Jones that our courts do not have jurisdiction to entertain the claim. Two weeks later your client informs you that the German is owed an amount of R120 000 by a South African company ABC (Pty) Ltd which trades in Pretoria.

You accordingly advise your client that you can now proceed.

2.1 What are the initial proceedings you propose instituting called?

(½)

2.2 Do you use the long or the short form of Notice of Motion to institute the proceedings?

(½)

2.3 On whom do you serve the Notice of Motion?

(½)

2.4 Who will sign the Notice of Motion?

(½)

2.5 Draw the founding affidavit including all the allegations necessary to obtain an order and include the prayers. Omit the heading.

(8)

VRAAG 3 [3]

Dui aan of die volgende stellings waar of vals is. U hoef nie u antwoorde te motiveer nie.

- 3.1 Wanneer 'n verweerder 'n aansoek om summere vonnis teenstaan kan hy:
a. of 'n opponerende eedsverklaring liasseer waarin hy 'n bona fide verweer uiteensit, of
b. sekuriteit stel vir koste (1)
- 3.2 Partye wat van voorneme is om 'n egskeidingsgeding in te stel bereik 'n ooreenkoms oor al die geskiispunte en daar is niks in dispuut met betrekking tot die verboddeling van die huwelik, beheer en toesig, onderhoud, verdeling van die gemeenskaplike boedel of koste nie. Hulle mag derhalwe nou van die aansoekprosedure gebruik maak. (1)
- 3.3 Dagvaarding vir 'n gelikwedeerde geldsom is uitgereik en beteken op 'n verweerder. Die dies om verskyning aan te teken het verstryk. Alvorens die eiser aansoek kan doen vir vonnis by verstek, moet hy eers kennis aan die verweerder gee ten einde die audi alteram partem-reël na te kom. (1)

VRAAG 4 [10]

Identifiseer die foute of weglatings wat voorkom op die hieropvolgende sigblad van 'n dagvaarding.

Uitgereik deur Saak Nr. 1/2002 VORM 2
J. Ntuli Datumstempel R20 INKOMSTESÊL
Klerk van die Hof

No.2 DAGVAARDING WAARDEUR AKSIE BEGIN WORD (GEWOON)
Uitgeneem deur
JOHN CITIZEN INGELYF
1STE VLOER OOSGEBOU
OOSSTRAAT 123 JOHANNESBURG
POSADRES: POBOS 1000 JOHANNESBURG
DX 101 JOHANNESBURG TELEFOON 3011010 FAX 3011010
John Citizen Ingelyf
Handtekening van Eiser se Prokureur
Verwysing: Pete Smith

In die Landdroshof vir die Distrik PIETERMARITZBURG gehou te PIETERMARITZBURG

tussen

S.A. BANKS BEPERK Eiser

en

MNR. A. B. SALMON Verweerder

AAN DIE BOGENOEMDE VERWEERDER; minderjarige man, in diens van Die Durban City Travellers Bureau, Martin Westgebou, Smithstraat, DURBAN,

en wie se verdere besonderhede onbekend vir die eiser is

QUESTION 3 [3]

Indicate whether the following statements are true or false. You need not motivate your answers.

- 3.1 When resisting an application for summary judgment a defendant can
a. file an opposing affidavit, setting out a bona fide defence, or
b. furnish security for costs (1)
- 3.2 Parties who wish to institute divorce proceedings have reached a settlement on all the issues and no disputes exists regarding the breakdown of the marriage, custody, maintenance, division of the joint estate or costs. They may now use the application procedure. (1)
- 3.3 Summons in which a liquidated amount of money is claimed was issued and served on a defendant. The dies to enter an appearance to defend have expired. Before the plaintiff can apply for default judgment he must first give notice to the defendant to conform with the audi alteram partem rule. (1)

QUESTION 4 [10]

Identify the errors or omissions that have been made on the attached face of a summons.

Issued by Case No: 1/2002 FORM 2
J. Ntuli Date Stamp R20 REVENUE STAMP
Clerk of the Court

No.2 SUMMONS COMMENCING ACTION (ORDINARY)
Sued out by
JOHN CITIZEN INCORPORATED
1ST FLOOR EAST BUILDING
123 EAST STREET JOHANNESBURG
POSTAL ADDRESS: PO BOX 1000 JOHANNESBURG
DX 101 JOHANNESBURG TELEPHONE 3011010 FAX 3011010
John Citizen Incorporated
Signature of Plaintiff's Attorney
Refer To: Pete Smith

In the Magistrate's Court for the District of PIETERMARITZBURG held at PIETERMARITZBURG

between

S.A. BANKS LIMITED Plaintiff

and

MR. A. B. SALMON Defendant

TO THE ABOVE NAMED DEFENDANT; Minor Male, employed by The Durban City Travellers Bureau, Martin West Building, Smith Street, DURBAN,

and whose further particulars are to the plaintiff unknown

DEEL 1
HOFPROSEDURES
[100]

PART 1
COURT PROCEDURES
[100]

U word hiermee gedagvaar dat u binne 5 dae van die betekening van hierdie dagvaarding aan die Klerk van voormelde Hof en ook die eiser of sy prokureur by die adres hierin gespesifiseer, 'n skriftelike kennisgewing lewer of sorg dat dit gelewer word van u voorneme om hierdie aksie te staan en antwoord op die eis van die eiser, S.A. Banke Beperk, wat besigheid bedryf op die Grondvloer, Bank Arcade, Kaapstad, die eiser hierin, besonderhede waarvan hieronder geëndosseer is.

(1) Besonderhede

- (a) Eiser se eis teen die verweerder is vir betaling van die bedrag van R150 000,00 synde die bedrag verskuldig deur die verweerder vir geld uitgeleen gedurende ongeveer Januarie 1996, welke bedrag die verweerder, ten spyte van eise, versuim het om te betaal.
- (b) PLUS rente teen 35% op R150 000,00 vanaf 1 Januarie 1996 tot datum van betaling.

Derhalwe is eiser se bede vir uitspraak teen die verweerder in die vermelde bedrag plus rente plus kostes.

Koste, as die aksie nie verdedig word nie, sal soos volg wees:-

	Dagvaarding	Vonnis
Prokureurskoste	R277,00	R233,00
Hofgelde	R20,00	R
Geregsbodegelde	R	R
Geregsbodegelde by heruitreiking	R	R
Reël 33(23) uitbetalings (BTW)	R 38,78	R 32,62
	TOTAAL	TOTAAL

(Aanvaar al die vereiste kennisgewings verskyn op die rugkant van die dagvaarding).

VRAAG 5 [10]

U tree op vir 'n winkelleienaar wat gedagvaar word vir skadevergoeding in die Landdroshof, voortspruitend uit persoonlike beserings deur 'n bewering deur 'n eiser opgedoen wat gegly en geval het op 'n nat plas in u kliënt se winkel.

- 5.1 Lys die dokumente wat die eiser se prokureur moet lusseer voor die verhoor ten einde in staat te wees om getuigenis te lei om die quantum van die eiser se eis vas te stel. (3)
- 5.2 U kliënt deel u mee dat hy nie die integriteit van die mediese praktisyn wat die eiser gespreek het, vertrou nie en dat hy vermoed dat die praktisyn en die eiser saamsweer om die erns van die eiser se beserings op te blaas. Welke stappe behoort u te doen om voor te berei om hierdie aangeleentheid tydens die verhoor te hanteer? (3)
- 5.3 U kliënt lig u in dat die vloer in die gedeelte van die winkel waar die eiser geval het intussen verander is, maar hy het voor die verandering foto's daarvan geneem. U is van mening dat as die hof die foto's sou sien, dit sal toon dat die

You are hereby summoned that you do within 5 days of the service of this summons deliver or cause to be delivered to the Clerk of the aforesaid Court and also the plaintiff or his attorney, at the address specified herein, a notice in writing of your intention to defend this action and answer the claim of the plaintiff, S.A. Banks Limited, carrying on business at Ground Floor, Bank Arcade, Cape Town, the plaintiff herein, particulars whereof are endorsed hereunder.

(1) Particulars

- (a) Plaintiff's claim against the defendant is for payment of the sum of R150 000,00 being the amount due by the defendant for money lent during or about January 1996, which amount despite demand defendant has failed to pay.
- (b) PLUS interest at 35% on R150 000,00 from 1 January 1996 to date of payment.

Wherefore plaintiff prays for judgment against the defendant in the said sum plus interest plus costs.

Costs, if the action is undefended, will be as follows:-

	Summons	Judgment
Attorney's charges	R277,00	R233,00
Court fees	R20,00	R
Sheriff's fees	R	R
Sheriff's fees on re-issue	R	R
Rule 33(23) disbursements (Value added tax)	R 38,78	R 32,62
	TOTAL	TOTAL

(Assume all the required notices appear on the reverse of the summons).

QUESTION 5 [10]

You act for a shopkeeper who is being sued for damages in the Magistrate's Court arising from personal injuries allegedly suffered by a plaintiff who slipped and fell on a wet patch in your client's shop.

- 5.1 List the documents that the plaintiff's attorney will have to file before the hearing in order to be able to lead evidence to establish the quantum of the plaintiff's claim. (3)
- 5.2 Your client tells you that he is suspicious of the integrity of the medical practitioner that the plaintiff has consulted and he suspects that the practitioner and the plaintiff may have conspired with each other to exaggerate the severity of the plaintiff's injuries. What steps ought you to take to prepare to deal with this matter at the trial? (3)
- 5.3 Your client tells you that the floor in the part of the shop in which the plaintiff fell has since been altered but before it was altered he took photographs of it. You feel that if the court were to see the photographs it would show that the plaintiff's

discont

eiser se eis onwaarskynlik is. Watter stappe sal u doen om die foto's te gebruik in die hantering van u kliënt se saak? (2)

5.4 Indien nóg die eiser nóg sy regsverteenwoordiger op die dag en tyd wat vir die verhoor bepaal is, by die hof opdaag, welke bevel moet u die hof vra om uit te reik? (2)

VRAAG 6 [15]

U word geraadpleeg deur mnr Koos Geduld (u kliënt) wat 'n dagvaarding aan u oorhandig waarkragtens hy deur Goeie Vriende Beleggings BK aangespreek word vir betaling van skadevergoeding voortspruitend uit 'n motorbotsing. Die besonderhede van vordering is soos in Aanhangsel A (hieronder uiteengesit). U kliënt deel mee dat hy die bestuurder was van 'n Toyota Conquest motorvoertuig met registrasienommer CAW123 wat aan sy werkgewer mnr Jan Smit, 'n slagter van Hoofstraat 5, George, behoort. Ten tye van die botsing het u kliënt die vermelde voertuig gebruik vir privaatdoeleindes. Volgens u kliënt was die ander voertuig wat in die botsing betrokke was bestuur deur mnr O N Geluk, 'n sakeman van Stasieweg 10, George wie die voertuig van die eiser geleen het vir privaatdoeleindes.

Volgens u kliënt het die botsing plaasgevind by die kruising soos in die besonderhede van vordering vermeld wat 'n onbeheerde kruising is. Hy was egter reeds binne die kruising toe die ander voertuig met die regtersy van die Toyota Conquest bots en hy glo dat die botsing grootliks veroorsaak is deur die nalatigheid van die vermelde mnr O N Geluk. U opdrag is om die saak te verdedig en u kliënt te adviseer ten opsigte van sy regte.

6.1 Stel 'n versoek om nadere besonderhede tot Eiser se besonderhede van vordering op. Meld slégs die naam van die dokument maar laat die formele kopstuk en slot daarvan weg. (7)

6.2 U adviseer u kliënt dat hy ingevolge die bepalings van artikel 2(2)(b) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, Wet 34 van 1956, kennis aan 'n mededader wat nie in die aksie aangespreek word nie, kan gee waarop sodanige mededader tot die aksie kan toetree. U word versoek om sodanige kennisgewing aan die betrokke persoon te stuur.

6.2.1 Stel die kennisgewing op met inagneming van die feite hierbo vermeld en uiteengesit in die aangehegte besonderhede van vordering. Laat die formele kopstukke en slot weg. (6)

6.2.2 Op watter stadium van die verrigting moet sodanige kennisgewing aan 'n betrokke mededader gegee word? (2)

A ^W claim is improbable. What steps would you take to use the photographs in the conduct of your client's case? (2)

5.4 If, at the date and time on which the matter has been set down for trial, neither the plaintiff nor his legal representative attend court, what order should you ask the court to make? (2)

*abs from motion
- intro (2) → dit is die (2)*

QUESTION 6 [15]

You are consulted by Mr Koos Geduld (your client) who hands you a summons in terms whereof he is sued by Goeie Vriende Beleggings BK for payment of damages arising from a motor accident. The particulars of claim appears from annexure "A" hereto (set out hereunder). Your client advises you that he was the driver of a Toyota Conquest motor vehicle registration number CAW123, the property of his employer, Mr Jan Smit, a butcher of 5 Hoof Street, George. At the time of the collision your client was using the vehicle for private purposes. According to your client the other vehicle CAW567 which was involved in the accident was driven by Mr O N Geluk, a businessman of 10 Stasie Road, George, who had borrowed the vehicle from the Plaintiff for private use.

According to your client the collision occurred at the intersection referred to in the particulars of claim. The intersection was an uncontrolled one. He had already entered the crossing when the other vehicle collided with the right side of the Toyota Conquest and he believes that the collision was largely caused by the negligence of the said Mr O N Geluk. Your instructions are to defend the action and to advise your client of his rights.

6.1 Draft a request for further particulars to Plaintiff's particulars of claim. Mention the name of the document but do not draft the formal heading or conclusion. (7)

R 16 w^o f 16 (7)

6.2 You advise your client that in terms of section 2(2)(b) of the Apportionment of Damages Act No. 34 of 1956, notice may be given to a joint wrongdoer who has not been joined in the action in terms whereof such joint wrongdoer can intervene in the action. You are requested to draw the notice and send it to the relevant person.

6.2.1 Draft the notice bearing in mind the facts referred to above and the facts as they appear from the annexed particulars of claim. Leave out the formal headings and conclusion. (6)

6.2.2 At what stage of the proceedings must such notice be given to the joint wrongdoer? (2)

B y j m t

AANHANGSEL "A"

BESONDERHEDE VAN EIS

1. Die Eiser is Goeie Vriende Beleggings BK, 'n beslote korporasie behoorlik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op Beslote Korporasies No 69 van 1984, met geregistreerde adres as Yorkweg 50, George.
2. Die Verweerder is Koos Geduld, 'n volwasse man wie se verdere besonderhede nie aan die Eiser bekend is nie, woonagtig le Bothastraat 60, George.
3. Op of omtrent 1 Maart 1992 en by of naby die kruising van Berg- en Breëstraat, George, was 'n motorvoertuig, registrasienommer CAW123, op daardie tydstip bestuur deur die Verweerder, betrokke in 'n botsing met 'n Opel Kadett Cub-motorvoertuig, registrasienommer CAW567, die eiendom van die Eiser.
4. Genoemde botsing is veroorsaak deur die uitsluitlike nalatigheid van die Verweerder.
5. As gevolg van genoemde botsing het Eiser skade in die bedrag van R9 200,00 (BTW ingesluit) gely.
6. Die Verweerder is regtens aanspreeklik vir die betaling aan Eiser van genoemde skadevergoeding, maar ten spyte van vordering, weier of versuim hy om genoemde bedrag aan die Eiser te betaal.

Derhalwe vra Eiser uitspraak teen die Verweerder vir :-

1. Betaling van die bedrag van R9 200,00;
2. Rente daarop teen 15.5% per jaar;
3. Koste van aksie

VRAG 7

[9]

U is aangestel as 'n landdros in 'n siviele hof in die platteland. Die saak waarin u moet uitspraak gee, is 'n aksie vir voorlopige vonnis gegrond op 'n gedishonoreerde tjek vir R100 000.00 deur die verweerder, JACOBUS BOER, getrek ten gunste van die eiser, BEST FERTILIZER MANUFACTURERS [EDMS] BPK.

J Boer, in sy opponerende eedsverklaring, erken dat hy die tjek ten gunste van die eiser getrek het en betaling van die tjek gestop het. Hy verduidelik dat die tjek gegee is as die koopprys vir kunsmis wat hy van die eiser gekoop het. Hy meld dat direk na die kunsmis op sy plaas gelewer is en hy sy tjek oorhandig het, het hy die kunsmis ondersoek en bevind dat dit vol klippe was. Hy beweer dat die kunsmis gevolglik nie geskik was vir die doel waarvoor dit verkoop is nie en dat dit nie in 'n kunsmisprinkelaar gebruik kan word nie. Hy sê verder dat die standaardmetode om kunsmis te versprei, is deur gebruik te maak van 'n sprinkelaar en as die kunsmis klippe bevat sal die sprinkelaar beskadig word en sal die kunsmis nie

ANNEXURE "A"

PARTICULARS OF CLAIM

vicarious liability

1. The Plaintiff is Goeie Vriende Beleggings CC, a close corporation duly registered in accordance with the provisions of the Close Corporations Act No. 69 of 1984, with registered address at 50 York Road, George.
2. The Defendant is Koos Geduld, an adult male whose further particulars are unknown to the Plaintiff, residing at 60 Botha Street, George.
3. On or about 1 March 1992 and at or near the intersection of Berg and Breë Streets, George, a motor vehicle, registration number CAW123, driven at the time by the Defendant, collided with an Opel Kadett Cub motor vehicle, registration number CAW567, the property of the Plaintiff.
4. The said collision was caused by the sole negligence of the Defendant.
5. As a result of the said collision Plaintiff has sustained damages in the sum of R9 200,00 (including VAT).
6. The Defendant is legally liable to the Plaintiff for payment of the said damages, but despite demand refuses or fails to pay the said sum to the Plaintiff.

Wherefore Plaintiff prays for judgment against the Defendant for :-

1. Payment of the sum of R9 200,00;
2. Interest thereof at 15.5% per annum;
3. Costs of suit

QUESTION 7

[9]

You have been appointed as a magistrate in a civil court in a rural area. The matter in which you must give judgement is an action for provisional sentence based on a dishonoured cheque for R100 000.00 drawn by the defendant, JACOBUS BOER, in favour of the plaintiff, BEST FERTILIZER MANUFACTURERS [PTY] LTD.

J Boer, in his opposing affidavit, admits that he drew the cheque in favour of the plaintiff and that he stopped payment on the cheque. He explains that the cheque was given as the purchase price for fertilizer he purchased from the plaintiff. He says that immediately after the fertilizer was delivered to his farm and he had handed over his cheque, he examined the fertilizer and found it to be full of stones. He says that the fertilizer was, as a consequence, not fit for the purpose for which it was sold in that it was not capable of being used in a fertilizer spreader. He says further that the standard method of spreading fertilizer is by use of such fertilizer spreader and that if fertilizer containing stones is used in the spreader the spreader

egalig genoeg versprei word nie. Hy meld dat hy die eiser onmiddellik in kennis gestel het en aangebied het om die kunsmis terug te gee, soos hy nou nog doen. Die verweerder het geen ander dokumente geliasseer nie.

Die eiser se fabrieksbestuurder het 'n eedsverklaring ingedien in antwoord waarin hy beweer dat in sy verskeie jare as fabrieksbestuurder in beheer van kunsmisproduksie by die eiser se manganleg, hy nooit 'n insident gehad het waar daar klip in die kunsmis was wat hulle in die aanleg produseer nie. In elk geval, voordat dit in sakke gegooi word, word die kunsmis gesif om alle items van groter as die korrekte grootte te verwyder. Hy ontken dus dat die kunsmis wat verkoop is, klip bevat het. Hy ontken ook dat die koper voorheen aangebied het om die kunsmis terug te gee.

- 7.1 Watter uitspraak sal u as landdros gee? (2)
- 7.2 Gee kortliks redes vir u uitspraak met aanduiding van die regsbeginsels wat toepaslik is. (4)
- 7.3 Nieteenstaande wat u antwoord in 7.1 is, aanvaar dat die landdros voorlopig vonnis toegestaan het ten gunste van die eiser maar die verweerder is vasbeslote om die aksie teë te staan. Wat moet die verweerder doen om toegelaat te word om met die verweer voort te gaan? (3)

VRAAG 8 [6]

Die eiser het drie dagvaardings uitgereik uit die Landdroshof met die volgende oorsake van aksie:-

Maar dat die verweerders verdediging aangeteken het. Mag die eiser aansoek doen om summere vonnis in die volgende gevalle?

- 8.1 Vir betaling van agterstallige huurverskuldig deur 'n huurder wat die perseel ontruim het wat hy van die eiser gehuur het en vir die vervanging van die tapyt wat hy met sigaretbrandplekke vernietig het (2)
- 8.2 Vir lewering van 'n motorkar wat die eiser gekoop en die prys aan die verweerder betaal het, maar die verweerder weier om die kar te oorhandig. (2)
- 8.3 Vir die koste van werk gedoen en materiaal voorsien. (2)

will be damaged and the fertilizer will not be distributed evenly. He states that he had immediately notified the plaintiff and tendered return of the fertilizer which he continues to do. The defendant filed no other documents.

The plaintiff's factory manager filed an affidavit in reply in which he averred that in his several years as a factory manager in charge of fertilizer production at the plaintiff's mixing plant he had never come across an occasion where there were stones in the fertilizer produced in the plant. In any event, before being bagged, the fertilizer was passed through a sieve which removed any particles larger than the correct size. He accordingly denies the fertilizer sold contained stones. He also denies that the defendant had tendered the return of the fertilizer previously.

- 7.1 As magistrate what judgment would you give? (2)
- 7.2 Give brief reasons for your judgment indicating the legal principles that apply (4)
- 7.3 Notwithstanding your answer to 7.1, assume that the magistrate granted provisional sentence in favour of the plaintiff but the defendant remains determined to defend the action. What is the defendant required to do in order to be entitled to proceed with his defence? (3)

QUESTION 8 [6]

The plaintiff has issued three summonses out of the Magistrate's Court with the following causes of action:-

Assuming that the defendants have entered appearance to defend. May the plaintiff apply for summary judgment in the following cases?

- 8.1 For payment of arrear rental due by a tenant who has vacated the premises which he rented from the plaintiff and for the cost of replacing the carpet that he destroyed with cigarette *illeg. bums.* *damages* (2)
- 8.2 For delivery of a motor car purchased by the plaintiff for which the plaintiff has paid the price to the defendant but the defendant has refused to hand over. *specified movable* (2)
- 8.3 For the cost of work done and material supplied. (2)

*liquid due
liquidated claim*

*quest
d. l. c. m.*

VRAAG 9 [18]

U word geraadpleeg deur u kliënt, mnr Smuts, en sy opdragte aan u is as volg.

- (a) Hy is buite gemeenskap van goedere getroud met 'n voorhuwelikskontrak;
- (b) Sy vrou was 'n kinderarts en het 'n suksesvolle en gewilde praktyk gehad.
- (c) Drie kinders is uit hul huwelik gebore en hul oudste dogter wat 23 jaar oud is studeer geneeskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand. Die ander kinders is 19 en 13 jaar oud en steeds op hoërskool. Die 19 jarige is 2 jaar agter met sy skoolloopbaan.

U kliënt is 'n gekwalifiseerde boekhouer en was voorheen in diens van sy vrou in haar praktyk as algemene boekhouer en bestuurder van die praktyk. Hy het 'n vaste maandelikse salaris verdien. Sy vrou se jaarlikse inkomste was viermaal syne.

(e) Hulle was finansiëel welgesteld en het in 'n mooi, vooraanstaande Pretoriase voorstad gewoon. Hulle het een keer per jaar oorsee gereis.

(f) Sy vrou, Johanna, was in 'n kop-aan-kop botsing betrokke en 3 dae na die ongeluk is sy oorlede as gevolg van haar beserings. Die bestuurder van die ander motor is van nalatige bestuur skuldig bevind. Die hof het bevind dat hy aan die verkeerde kant van die pad gery het, in die pad van aankomende motors. Daar is egter ook bevind dat dr Smuts 0,006mg alkohol per 100ml van bloed gehad het. Sy het 'n skemerparty verlaat net voor die ongeluk.

(g) Hy het haar praktyk verkoop en is nou sonder werk.

(h) U is opgedra om 'n eis van onderhoudsverlies in te stel.

9.1 Is u kliënt en enige van sy kinders op 'n eis van onderhoudsverlies geregtig? Motiveer u antwoord. (3)

9.2 Indien dit aanvaar word dat die antwoord op die vorige vraag "ja" is bespreek die volgende:

9.2.1 Wie moet die eis(e) indien? (2)

9.2.2 Voor welke datum moet Mnr Smuts en sy oudste dogter hul eise indien om geldig te wees? (1)

9.2.3 Ten einde met enige van die eise te slaag, watter bewys is nodig om alle aspekte van aanspreeklikheid te bewys? (4)

QUESTION 9 [18]

You are consulted by Mr Smuts who instructs you as follows.

(a) He is married out of community of property by virtue of an antenuptial contract;

(b) His wife was a paediatrician who had a successful and popular private practice;

(c) They have three children, and their eldest daughter who is 23 years of age is studying medicine at the University of the Witwatersrand. The younger children, aged 13 and 19 are still in high school. The 19 year old is slow and is 2 years behind with his schooling.

(d) Your client is a qualified Bookkeeper and was formerly employed by his wife in her practice as a general bookkeeper and administrator of the practice. He earned a fixed monthly salary. His wife's annual income exceeded his income fourfold;

(e) They lived in an up-market Pretoria suburb and were financially well off. They enjoyed a holiday overseas every year;

(f) His wife Johanna was involved in a head-on motor collision and died from the injuries she sustained three days after the collision. The driver of the other vehicle was convicted of negligent driving. The court found that he drove his vehicle on the wrong side of the road and encroached into the path of oncoming vehicles. Dr Smuts was found to have 0,006mg of alcohol per 100ml of blood. She had left a cocktail party immediately prior to the collision.

(g) He has now sold the practice and he is unemployed;

(h) You are instructed to institute a claim for loss of support.

9.1 Is your client and any of the children entitled to a claim for loss of support? Motivate your answer. (3)

9.2 If it is accepted that the answer to the question above is affirmative, discuss the following aspects:

9.2.1 Who must lodge the claim(s)? (2)

9.2.2 By when must Mr Smuts and his eldest daughter lodge their claims for them to be valid? (1)

9.2.3 To succeed with any of the claims mentioned above what proof is required to establish all aspects of liability? (4)

bodily injury & death caused
(1) m v - RSA
(2) negligence
(3)

9.2.4 Van watter dokumentasie kan u gebruik maak om te bewys dat dr Smuts oorlede is as gevolg van die beserings opgedoen in die botsing?

(2)

9.3 Adviseer u kliënt op sy kans van sukses om te bewys dat enige eis(e) vir verlies van onderhoud ontstaan het as gevolg van die nalatige bestuur van 'n motor soos voorgesien in Artikel 17 van die Padongelukke Fonds Wet van 1996. In sulke advies aan u kliënt, moet u die moontlikheid bespreek van die toepassing van 'n verdeling van aanspreeklikheid in terme van die Verdeling van Skade Wet, Nr 34 van 1956.

(3)

9.4 Die eis(e) teen die Fonds is geskik voor die uitreik van dagvaarding(s). Het u kliënt enige eise ten opsigte van koste teen die Fonds en indien wel, wat is die basis van sodanige verhalings?

(1)

9.5 Wanneer begin verjaring loop ten opsigte van elke eis?

(2)

VRAAG 10

[5]

U tree op namens die Padongelukkefonds. U ondersoek na die omstandighede van die ongeluk waaruit die eis ontstaan, bewys dat die eiser wie sy motor bestuur het tydens die ongeluk, nalatig was, en indien nie heeltemal verantwoordelik vir die ongeluk dan wel grootliks daartoe bygedra het.

U moet die verweerder se pleit, insluitende die smeekbede, opstel waarin u bydraende nalatigheid aan die kant van die eiser pleit.

VRAAG 11

[2]

Nadat die pleitstukke gesluit is, maak die Padongelukkefonds 'n aanbod in terme van Reël 34 van die Hooggeregshofreëls. U kliënt, die eiser, aanvaar die aanbod.

11.1 Hoe sal u die Fonds laat weet dat u kliënt die aanbod aanvaar?

(1)

11.2 Betaling van die aanbodsbedrag is eers twee maande na aanvaaring van die aanbod, ontvang. Is u kliënt geregtig op rente en, indien wel, van wanneer af en teen watter koers?

(1)

VRAAG 12

[14]

U kliënt word skuldig bevind op 'n aanklag van bedrog van 'n bedrag van R85 000-00 welke bedrag nog nie aan die klaer terugbetaal is nie. U kliënt is 45 jaar oud en 'n redelike suksesvolle besigheidsman.

9.2.4 What documentation can you use to prove that Dr Smuts died as a result of the injuries sustained in the collision?

(2)

9.3 Advise your client on his prospects of success in showing that any claim(s) for loss of support arose from the negligent driving of a motor vehicle as contemplated in Section 17 of the Road Accident Fund Act of 1996. In your advice to client discuss the possibility of apportionment of liability in terms of the Apportionment of Damages Act, No 34 of 1956.

(3)

9.4 The claim(s) against the Road Accident Fund are settled before Summons(es) are issued. Is your client entitled to recover any costs against the Road Accident Fund and if so what is the basis for such recovery?

9.5 When will prescription begin to run in respect of each claim?

(2)

QUESTION 10

[5]

You are acting for the Road Accident Fund. Your investigations into the circumstances of the collision giving rise to the claim establish that the Plaintiff who was driving his vehicle at the time was negligent, and if not solely to blame for the collision, then certainly contributed largely to it.

Draft the defendant's plea, including the prayer, wherein you plead contributory negligence on the part of the plaintiff.

QUESTION 11

[2]

After the close of pleadings, the Road Accident Fund makes a settlement offer in terms of Rule 34 of the High Court Rules which is acceptable to your client, the plaintiff.

11.1 How do you advise the Fund of your client's acceptance of his offer?

(1)

11.2 You only receive the cheque in terms of the settlement two months after the offer is accepted. Is your client entitled to interest, and if so, from when and at what rate?

(1)

QUESTION 12

[14]

Your client is convicted of fraud involving R85 000-00 which has as yet not been repaid to the complainant. Your client is 45 years of age and is a relatively successful businessman. He is married with three

Hy is getroud en het drie kinders van skoolgaande ouderdom. Hy is 'n aktiewe politikus in die plaaslike gemeenskap en is lid van verskeie diens organisasies. As gevolg van sy bekendheid het sy bedrog wye publisiteit geniet in die plaaslike koerante soveel so dat hy as politikus en van die organisasies moes bedank. Hy is nie in 'n posisie om huidiglik die R85 000-00 in 'n lomsom terug te betaal nie, maar kan dit wel doen in maandelikse paaiemente. Hy het een vorige veroordeling van winkeldiefstal waarby 'n item ter waarde van R25-00 betrokke is en wat twaalf jaar gelede plaasgevind het.

As gevolg van die erns van die misdryf en die feit dat bedrog 'n algemene verskynsel is verwag u dat u kliënt tot direkte gevangenisstraf gevonnissal word deur die hof.

12.1 Stel u betoog ten aansien van strafversagting op. (6)

Bespreek spesifiek die aard en aanvaarbaarheid al dan nie van die alternatiewe strawe wat opgelê kan word deur die hof. (8)

VRAAG 13 [11]

